# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Hoe vergewe 'n mens?

**Skriflesing:**
Kol 2:13-15; Kol 3:12-17

**Teksvers:**
Kol 2:13; Kol 3:13

**Sing:**
Ps 89-1:1,2
Sb 12-3:1-4
Ps 38-1:1,17
Ps 32-1:1,3
Ps 108-2:1,3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Hoeveel keer het ons al die volgende gehoor… Ek kan en sal daardie persoon nooit vergewe nie. Dit is vir my onmoontlik om te vergewe en te vergeet, nooit nie.

Om te vergewe is nie in ons aard nie, ons wil eerder wraak neem omdat ons onsself, ons naam, ons besittings wil beskerm. Maar nou leer die Skrif ons baie duidelik: Kol 3:13 "*Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.*"

"*Om te kán vergewe is nie iets wat 'n mens uit hom- of haarself kan regkry nie – Nee, dit is 'n gawe van God… Hy gee dit vir dié wat Hom daarvoor vra*!"

Ons gaan na drie sake kyk:

- Bid vir die gawe om te vergewe.
- Vergewe mekaar dan.
- Na vergifnis volg vrede.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## In Christus moet ons ongesuurde brood wees van reinheid en waarheid

**Skriflesing:**
Eks 12:15-20; Num 9:1-5; 11-12; Jos 5:10-12

**Teksvers:**
Eksodus 12:15-17

**Sing:**
Ps 107:1, 2, 4
Ps 105:3, 22
Ps 37:15, 16, 17, 23
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Binnekort is dit Paasfees. Die groot fees van die offerlam wat geslag is. Saam met die Paasfees is daar egter nog 'n fees, 'n half onbekende fees. Die fees van die ongesuurde brode. Hierdie fees moet vir sewe dae lank gevier word, van die 14de tot die 21ste van die maand.

Ons kyk vanaand na die betekenis van die ongesuurde brode en hoe dit op ons self betrekking het.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47 Nr 11 3 April 2022**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE


## Hoe hanteer ek woede?

**Ef 4:26,27**

"*As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. Moenie die duiwel vatkans gee nie.*"

Woede is nie altyd verkeerd nie. Maar hoe en waaroor jy kwaad word kan tot sonde lei. Wanneer dit nie verkeerd is om kwaad te word nie, is wanneer dit gaan om die eer van God. As God se eer aangetas word mag ons kwaad word, maar steeds hoe word jy kwaad, hoe hanteer jy die woede en hoe word dit gebruik om God se eer te beskerm. Voorbeelde uit die Skrif van heilige verontwaardiging is:

- Dawid toe Natan by hom was en Dawid uitgewys was as die skuldige. 2 Sam 12
- Paulus wat vir Petrus tereggewys het oor skynheiligheid. 2 Petr 2:11ev
- Jesus by die reiniging van die tempel. Joh 2:13-21.

Woede moet nooit weens selfsugtige of egoïstiese redes gebeur nie. Dit moet gaan oor die eer van God, die aantas van iemand anders se eer of oor 'n beginsel uit die Woord. Maar dan is dit nie net 'n kwessie van nou kan ek in woede uitbars nie. Nee daar is maniere om tot eer van God ook woede te hanteer.

- Moet nie dadelik reageer nie en oordink eers 'n saak **biddend**. Ef 4:26,27
- Weet altyd dat die wraak God toekom en nie mense nie. Rom 12:21
- Probeer altyd om 'n saak uit te praat, te kommunikeer.
- Wees eerlik, sonder om kru-kwetsend-eerlik te wees.
- Pasop vir selfsugtige emosies, waar ek kwaad word omdat my ego groter as my medemens sin is.
- Val die probleem aan, nie die persoon nie. Ef 4:29,31

Die Skrif gee vir ons hieroor duidelike riglyne:

**Ef 4:31-32**

"*Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.*"

Ds. Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Vrug van die Gees!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

\- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Volgende week: Les 7, Ps 84:1,6

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Mukanyo AO

Skep-Hoop-Fonds

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Emmeritaatsversorging

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417



# Kerkkamp 2022



Kom voed jou **GEMOED** en **SIEL**
met die **Vrug van die Gees**
te Udolpho Rivierplaas!

**22 tot 24 April 2022**

'n Naweek van rus en vreugde gelei deur
Di. Maarten en Lourens op 'n reis van vervulling.

Koste vir die hele naweek:

Chalets: Volw R 580 pp; kinders R 320 pp

Kamp: Volw R 280 pp; kinders R220 pp

**Belangstellendes kan Louise en Didrich ontmoet onder die olyfboom na die oggenderediens vir verdere inligting.**

## Bybelskool van Centurion 2022

bied aan

*Die Christen en sy werk*

Begin datum: **3 Mei 2022**
(vir 8 weke)
**Almal welkom**

**Plek**: GK Centurion Kerksaal
Basdenlaan 226, Lyttelton
**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30
**Koste**: R100 pp
**Aanbieder**: **Ds Lourens Venter**
**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)
Hein Kaiser 082 772 7718

*"Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie..."*

(Eksodus 20: 9, 10a)

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**3 April**
C13 Tia Grünenfelder
B17 Nicoline Jonker
A13 Hannie vd Bergh



**10-Apr**
Christi Venter Blok C
Lourette vd Berg Blok B
Bieuwkje Pretorius Blok A

**24-Apr**
Elize van den Berg Blok A
Louisa vd Walt Blok B
Doret Pretorius Blok C

## Senior Aksie

Die Senior Aksie vergader DV weer op Maandag, **11 April 2022** om **10:00** in die kerksaal.

Ds Paul vd Berg gaan ons help om as gelowiges 'n oog en 'n hart vir mekaar te hê wanneer die jare meer en die kragte minder word.

Kom luister en beleef hoe ons mekaar kan bemoedig en ondersteun.

Ons kuier ook gesellig saam rondom iets te ete en te drinke.

*Almal welkom!*



**Hennie van Rooyen Belasting Konsultant.** Persoonlikebelasting; kleinsake ondernemings; BTW; boere. Skakel my by 082 932 5634 of epos: hennievr.tax@gmail.com.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Pieter Wolmarans 08394988 99.

## Centurion Christelike Laerskool

**Opedag**
**22 April 2022**
**om 10:00**

***SIE' DAAR DIS DIE LAM VAN GOD***
***Paasspel aangebied deur***
***CENTURION CANTUS***

*Venue: Gereformeerde Kerk Centurion*
*Datum: 8 April 2022 Tyd:19:00*
*Toegangsfooi: R60.00*
*Kontakpersone: Estelle 071 682 6517*
*Dianne 082 558 0591*

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

## Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan. Kom skenk gerus al u kopergeld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.

**Gebed om te Vergewe**

Nannie du Plessis

*Leer ons vergewe Heer*
*sewentig maal sewe keer*
*U het ons vergewe --ja*
*al ons skuld vir ons gedra.*
*Aan die kruis het U ons vergewe;*
*uit die dood verlos laat herlewe*
*met 'n liefde diep en ryk;*
*teer op ons sondaars neergekyk.*
*Vader vergeef hul wat hul doen--*
*so is ons met U versoen*
*vir my het U betaal*
*vir my wat faal en faal*
*Ek bid vir liefde in die lewe*
*om mekaar so te vergewe.*
*Ons kniel vol eerbied voor U neer*
*om elke dag weer te probeer.*
*Amen Amen.*



# Verjaarsdae

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 03-Apr | Adrian | v Niekerk | A09 | 27614274133 |
| | Gerda | Pieters | C07 | 27828798423 |
| | Theuns | Louw | C10 | 27828154272 |
| | Ronel | Erasmus | B05 | 27827518770 |
| | Cilliers | vd Merwe | A12 | 27716836873 |
| | Luzaan | v Heerden | B02 | 27828112988 |
| 05-Apr | Marlou | vd Berg | C15 | 27824124313 |
| | Ellouis | Jv Rensburg | B09 | 27798844403 |
| | Zanlie | v Aswegen | B18 | 27829212718 |
| | Pieterjan | Venter | A02 | 27842004700 |
| 06-Apr | Ronel | Swanepoel | B18 | 27722282124 |
| | Thereza | Myburgh | B05 | 27828725677 |
| | Dalene | Strydom | C05 | 27828722626 |
| | Johanna | Venter | B08 | 27823358680 |
| 07-Apr | Jan | Reesink | B03 | 27794554580 |
| | André | Hattingh | C08 | 27832997319 |
| | Marieta | Venter | B07 | 27835642957 |
| 08-Apr | Jan | vd Walt | C01 | 27824916219 |
| | Philip | de Kock | B01 | 27826573300 |
| | Heinrich | Grimsehl | C09 | 27837784665 |
| | Alexander | Bond | B04 | 27832599446 |
| | Wouter | Styger | B01 | 27798868344 |
| | Arina | vd Merwe | B06 | 27613543133 |
| 09-Apr | Ella | White | B07 | 27834082336 |
| | Mariki | Lessing | B04 | 27722792840 |
| | Nelly | Silvis | C11 | 27829214904 |
| | Stephanie | vd Walt | C12 | 27762695750 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 04-Apr | Bernard | Maritz | A01 | 27833483056 |
| | Johan | Posthumus | A12 | 27828740421 |
| 05-Apr | Peter | Lessing | B04 | 27840198860 |
| | Wilco | Olivier | C11 | 27823322118 |
| | Lucas | vd Mescht | B09 | 27845480527 |
| | Luan | v Niekerk | A09 | 27814546588 |
| 06-Apr | Gideon | v Biljon | A16 | 27729223393 |
| | Jayden | v Seventer | B14 | 27845804993 |
| 07-Apr | Albert | Jacobs | C14 | 27823258834 |
| 08-Apr | JD | Steyn | C06 | 27720607107 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

*"... Moenie bang wees nie."* Mark 6:50

- Nannie du Plessis het 'n frats-motorongeluk gehad. Hanlie haar dogter moet aan haar been geopereer word (B11—653 1578).
- Silla Venter sterk aan in die Midstream hospitaal (B7—084 702 7195).
- Carel Impey het 'n draai in die hospitaal gemaak (B18—082 928 4751).
- Meelewing word betuig met:
  - Chris en Thea Smit en familie na die afsterwe van Chris se vader.
  - Hettie vd Elst en familie na die afsterwe van haar swaer.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Geluk*

Jaco en Larrie met die geboorte van Stefan van den Bergh. Ook aan oupa en ouma Charl en Hannie van den Bergh.

**Beroepe bedank**—Ds GJJ vd Merwe (Giepie) van GK Pretoria-Annlin na GK Wierdapark.

**Goeie Vrydag**, 15 April is daar 'n Nagmaal-erediens om 09:00.

Daar sal **nie 'n Paasprogram** wees tydens die aand-erediens op 10 April nie, slegs 'n erediens met sang en die koor sal 'n paar liedere sing.

## *Alethea Outreach*
## *11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.facebook.com/aletheaministry/